

# Konseptuele kunstenaar Willem Boshoff se geheime briewe aan Nelson Mandela

**M.C. [Rita] Swanepoel**

Vakgroep Kunstgeskiedenis  
Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus  
E-mail: 10187464@nwu.ac.za

Nelson Rolihlahla Mandela (gebore 1918) word wêreldwyd gerespekteer as politieke vryheidskoon en 'n geliefde leier bekend as *Madiba*. Mandela was 27 jaar in die tronk op Robbeneiland, in Pollsmoor en Victor Verster nadat hy en ander ANC-versetleiers tydens die Rivoniaverhoor in 1964 aan hoogverraad teen die voormalige apartheidsregering skuldig bevind is en tot lewenslange tronkstraf gevonnissen is. Hy is in 1990 vrygelaat en in 1994 verkies tot Suid-Afrika se eerste demokraties-verkose staatspresident (1994-1999). Die probleemstelling van hierdie artikel wentel rondom twee vrae: eerstens op watter manier die Suid-Afrikaanse konseptuele kunstenaar Willem Boshoff (gebore 1951) in sy installasie *Secret Letters* (2003) wêreldgebeure vanaf 1964 tot 1990, die tydperk wat Mandela in die tronk was, aan hom "vertel" en tweedens hoe die kunstenaar daarin slaag om die abstrakte begrip van eensaamheid van Mandela tydens aanhouding visueel tot vergestaltung te bring. Die ondersoek word onderneem vanuit 'n postkoloniale teoretiese raamwerk met toespitsing op die invloed van die rassebegrip en die ontwikkeling van die begrip Christelik gedurende die apartheidsera. Albei hierdie aspekte se wortels kan gevind word in Britse kolonialisme in Suid-Afrika.

**Trefwoorde:** Willem Boshoff, *Secret Letters*, postkoloniale kritiek, apartheid, postapartheid

## Conceptual artist Willem Boshoff's secret letters to Nelson Mandela

Nelson Rolihlahla Mandela (born 1918) is all over the world respected as a political freedom icon, and a beloved leader affectionately known as *Madiba*. He served 27 years in prison on Robben Island, in Pollsmoor and Victor Verster prison after he and other ANC resistance leaders were found guilty of high treason against the former apartheid regime during the Rivonia trials in 1964. They were sentenced to life-long imprisonment. Mandela was released in 1990. In 1994 he became the first democratically elected president (1994-1999) of South-Africa. The problem statement for this article is centred around two questions: Firstly, how does the South-African conceptual artist Willem Boshoff (born 1951) in his installation *Secret Letters* (2003) "tell" Mandela what happened in the world from 1964 to 1990, the time that he spent in prison, and secondly, how does the artist succeed in portraying a visual representation of the abstract notion of loneliness during Mandela's imprisonment. Postcolonial critique forms the theoretical framework of this article with a focus on the influence of the race concept and the development of the idea of Christianity during the apartheid era. The roots of both of these concepts can be found in British colonialism in South Africa.

**Key words:** Willem Boshoff, *Secret Letters*, postcolonial critique, apartheid, postapartheid

**S**uid-Afrika het 'n lang geskiedenis gedurende kolonialisme en apartheid waar sekere bevolkingsgroepe as minderwaardig beskou is en nie dieselfde voordele en posisies in die samelewing beklee het as die wit "superieure" maghebbendes nie. Historici stem saam dat die wortels van apartheid gesoek moet word in koloniale era van die land (vgl. Degenaar 1978: 2; Dubow 2006: 5; Giliomee 2003). Arnold (2005: 330-331) vestig die aandag op twee faktore: aan die een kant Brittanje se aanvanklike traagheid om apartheid te kritiseer en aan die ander kant Engelssprekendes in Suid-Afrika se toenemende steun vir die Nasionale Party (NP) en sy apartheidsbeleid, veral sedert 1966. Hy (2005: 727) wys daarop dat dit eers in die 1980s is dat Brittanje haar houding jeens apartheid verander het.

Hierdie ongelyke magsituasie van bevoorregting van die wit bevolkingsgroepe en onderdrukking en benadeling van ander het gelei tot die bevrydingstryd (algemeen bekend as die *struggle*). Dit het die land onstabiel en onveilig gemaak. In 1964 is Nelson Rolihlahla Mandela (gebore 1918) gedurende die Rivoniaverhoor aan hoogverraad teen die apartheidstaat

skuldig bevind. Hy is lewenslange tronkstraf opgelê. Vandag word Mandela wêreldwyd vereer en gerespekteer as politieke vryheidskoon en geliefde leier, bekend as *Madiba*.

Teen die agtergrond van Suid-Afrika se apartheidsgeskiedenis en Mandela se rol in die stryd teen apartheid, word in hierdie artikel ondersoek ingestel na hoe die Suid-Afrikaanse konseptuele kunstenaar Willem Boshoff (gebore 1951) in sy installasie *Secret Letters* (2003) wêreldgebeure vanaf 1964 tot 1990, die tydperk wat Mandela in die tronk was, aan hom “vertel”. Terselfdertyd poog die kunstenaar om aanskouers ‘n idee te gee van die eensaamheid wat Mandela tydens sy tronkstraf moes verduur. Die ondersoek word onderneem vanuit ‘n postkoloniale teoretiese raamwerk met toespitsing op die invloed van die rassebegrip en die ontwikkeling van die begrip Christelik gedurende die apartheidsera. Albei hierdie aspekte se wortels kan gevind word in Britse kolonialisme in Suid-Afrika.

Eerstens word ‘n bondige oorsig gebied oor die relevante historiese gebeure gedurende apartheid met Nelson Mandela van die *African National Congress* (ANC) as die sentrale figuur. Hierna word postkolonialisme as die teoretiese raamwerk vir die artikel geskets. Dit word opgevolg deur ‘n beskrywing van die visuele vormtaalelemente van *Secret Letters* (2003) en daarna word die installasie geïnterpreteer vanuit die teoretiese raamwerk. In hierdie interpretasie word die apartheidskonteks van die land in aanmerking geneem. Die artikel sluit af met perspektiewe op die verhouding tussen kuns en samelewing.

### **Kontekstualisering van Nelson Mandela gedurende die apartheidsera**

Die wyd-gehuldigde persepsie dat slegs Afrikaners vir rassediskriminasie in Suid-Afrika verantwoordelik was en dat blanke Engelssprekende Suid-Afrikaners “onskuldige slagoffers” was en teen hulle sin daardeur bevoordeel is, is misplaas, soos blyk uit Worden (1994: 66), Arnold (2005: 330-333) en Dubow (2006):

Thus, although the English-speaking establishment and its institutions were in reality often highly conservative during the apartheid era, these became indelibly associated with “liberalism”. ... Indeed, English-speaking South Africans have long managed the trick of defining everyone else in the country as racially or ethnically “other” – while blithely assuming their own identity to be somehow “normal” and therefore not suitable for deep investigation. In a post-apartheid and post-colonial world this position is becoming less and less tenable (Dubow 2006: 11-12).

Vir ‘n lang tyd is Suid-Afrika deur die internasionale gemeenskap verdoem vir sy apartheidsbeleid en is gepoog om die voormalige NP-regering deur middel van sanksies en boikotte te dwing om van dié beleid af te sien. Arnold (2005: 332) verdeel apartheid in drie periodes of fases: (i) 1948-1961: die vestiging van klassieke of *grand* apartheid, wat eindig met die Sharpeville-opstand in 1960 en Suid-Afrika se onttrekking aan die Statebond in 1961; (ii) 1961-1976: die tydperk van groeiende isolasie van Suid-Afrika namate die dele van Afrika noord van Suid-Afrika onafhanklikheid verkry het; (iii) 1976-1994: die tydperk sedert die Soweto-onluste<sup>1</sup>, ‘n periode van toenemende stryd om aan apartheid vas te klou tot dit onvermydelik was om ‘n onderhandelende skikking te bereik.

Aanvanklik het die verset teen apartheid uit vreedsame protesoptogte bestaan. In 1956 het ongeveer 20 000 vroue byvoorbeeld ‘n optog na die Uniegebou in Pretoria gehou om teen die paswette<sup>2</sup> te betoog. Die betoging is gereël deur die *Pan African Congress* (PAC), asook ‘n vrouekomitee verteenwoordigend van swart, bruin en Indiërvroue-organisasies en die wit, liberale Black Sash-vrouevereniging. Die protes teen die paswette en later ook die

instelling van minimumlone, het geleidelik landwyd uitkeuring en uiteindelik uitloop op die opspraakwekkende en tragiese Sharpeville-betoging (Arnold 2005: 333; Worden 1994: 105).

‘n Groot groep ongewapende swart mense het op 21 Maart 1961 by die polisiekantoor in Sharpeville, ‘n swart woonbuurt buite Vereeniging, vreedsaam teen die paswette betoeg. ‘n Wit polisieman se vrees het meester van hom geword, en toe hy op die skare begin skiet, het al die polisiemane in die gebou op die skare losgebrand. 69 mense is dood en ongeveer 182 gewond (Worden 1994: 100-101; Arnold 2005: 50; Marschall 2010: 65).

Suid-Afrika het op 31 Mei 1961 onder die NP-regering ‘n Republiek geword en die land is uit die Britse Statebond onttrek. Verskeie versetorganisasies, soos die ANC, die PAC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) is verbode verklaar (Worden 1994: 137; Arnold 2005: 737). Aangesien passiewe verset en protesoptogte nie daarin kon slaag om die NP te oortuig om van apartheid af te sien nie, het versetorganisasies besluit om tot binnelandse terreuraanvalle oor te gaan. Vir hierdie doel het sowel die ANC as die PAC militêre vleuels gestig. Mandela was die leier van die ANC se *Umkonktho we Sizwe* (akroniem MK; *Spies van die Nasie*) wat in 1961 gestig is. Die PAC se militêre vleuel is *Poqo (Blacks only)* genoem (Thompson 2006: 205, 264-265; Giliomee 2003: 522-523, 533, 630). Honderde mense is in aanhouding sonder verhoor geplaas en wetgewing teen opposisie teen apartheid is verskerp.

In 1963 het die polisie ‘n klopjag op die hoofkwartier van MK in Rivonia uitgevoer. Hulle het op belangrike dokumentasie afgekom het wat gedui het op sabotasie en ander planne om die NP-regering omver te werp. Mandela, Govan Mbeki, Walter Sisulu, Ahmed Kathrada en ander versetleiers is van hoogverraad aangekla en skuldig bevind omdat hulle terreurdade sou gepleeg het teen ‘n wettige regering (Arnold 2005: 333-334). Mandela is lewenslange tronkstraf opgelê en na Robbeneiland, die maksimumsekuriteitsgevangenis, gestuur. Die ANC se hoofbestuur het in ballingskap gegaan en uiteindelik vanuit Londen ‘n internasionale veldtog teen apartheid begin loods (Arnold 2005: 333). Swart verset is ook plaaslik voortgesit deur die skep van geheime strukture wat binnelandse onrus aangeblaas het en geweld en terreurdade onder leiding van MK en *Poqo* gepleeg het (Slabbert 1999: 33, 75-76).

Slabbert (1999: 75) verduidelik dat in die 1970s en 1980s ‘n duidelike revolusionêre strategie in die *struggle* uitgekristalliseer het. Hierdie strategie het bekend gestaan as die *National Democratic Revolution* en het bestaan uit die (i) gewapende stryd, (ii) aanmoediging tot internasionale isolasie van Suid-Afrika deur middel van sanksies en boikotte, (iii) ondergrondse binnelandse aksies soos geweld en terreurdade en (iv) binnelandse massamobilisasie deur onluste en boikotte. Verskeie frontorganisasies van die ANC, soos die *United Democratic Front* (UDF), die *Mass Democratic Movement* (MDM) en die *Congress of South African Trade Unions* (COSATU) is in die tagtigerjare gestig (Worden, 1994: 136-137; Arnold, 2005: 733-736, 593-597). Slabbert (1999: 18) maak die insiggewende opmerking dat die volhardende pogings van die NP-regering om apartheid in stand te hou, toenemend die vorm van “geritualiseerde waansin” aangeneem het.

Die eerste werklike demokratiese verkiesing in Suid-Afrika se geskiedenis het plaasgevind op 27 April 1994. Die verkiesing is voorafgegaan deur die ontbanning van die talle verbode organisasies in 1990. Mense wat aangehou is as gevolg van hul deelname aan die *struggle* is ook mettertyd vrygelaat. Op 11 Februarie 1990 is die belangrikste figuur en gesig van die *struggle*, Nelson Mandela, na 27 jaar in tronke op Robbeneiland, in Pollsmoor en die Victor Verstergevangenis vrygelaat (Worden 1994: 137; Arnold, 2005: 737)

‘n Konstitusionele skikking is deur die NP-regering onder leiding van F.W. De Klerk (die laaste staatspresident van die apartheidsera) en die ANC onder leiding van Mandela bereik. Hierdie vreedsame onderhandelings<sup>3</sup> het ‘n bloedige burgeroorlog verhoed, soos blyk uit die opmerking van Swilling (1999: 291-292) dat “apartheid was talked out of existence”. Welsh (1998: 509) omskryf die oorgang metafories: “South Africa emerged from the shadow of apartheid, badly injured, but alive”. Sodoende is ‘n einde gebring aan ‘n wit minderheidsregering toe die ANC wat oorwegend uit swart mense bestaan het, die verkiesing gewen het. Mandela het die land se eerste demokraties-verkose staatspresident geword (1994-1999).

‘n Belangrike aspek wat dikwels misgekyk word ten opsigte van die inperking van vryheid gedurende apartheid, is dat selfs die wit Afrikaners en Engelssprekendes as die elitegroepe wat deur Britse kolonialisme in Suid-Afrika agtergelaat is, ook onvry was, alhoewel in ‘n mindere mate. Hulle was deur wetgewing aan bande gelê ten opsigte van keuse van huweliksmaats en sosiale omgang met mede-Suid-Afrikaners van kleur, asook wat hul woonbuurte betref. Verder was wit mense sodanig deur apartheid gekondisioneer dat hulle byvoorbeeld nie in swart woonbuurte gaan woon het of daar gekuier het nie. Sowel wit as swart het hulle in ‘n onvrye omgewing bevind.

### **Teoretiese raamwerk**

Die belangrikste dryfvere agter kolonialisme sedert ongeveer die laat sewentiende en vroeg agtiende eeue was hoofsaaklik kommersiële gewin en eie bevoordeling. Hierdie dryfvere het volgens Alter (1994: 1) en McLeod (2000: 7-8) aanleiding gegee tot koloniale uitbreiding van Europese moondhede se vestiging van kolonies in Asië, Afrika en ander wêrelddele. Dit het met ander woorde gegaan oor die beheer en skep van markte vir Westerse gewin met die gepaardgaande ekonomiese uitbuiting van gekoloniseerde lande. Hierin sien McLeod (2000: 7) ‘n verband met kapitalisme, want kolonialisme en die latere kapitalisme het as gemeenskaplike ondersteuningsisteme vir mekaar gedien. Die tradisie van kommersiële gewin en eie bevoordeling is in die apartheidsera flink voortgesit, soos blyk uit Terreblanche se skerp kritiese taksering:

Die blatante rasse-ideologie van segregasie het destyds groot ondersteuning van al twee blanke bevolkingsgroepe (wit Afrikaans- en Engelssprekendes) ontvang: die imperialistiese ideologie in Brittanje het die Britse *empire* soos ‘n gekwetste buffel laat voortstropel; en die ideologie van rasgebaseerde *laissez faire*-kapitalisme het ekonomiese groei voorgehou as werktuig tot aardse heilsaamheid, selfs al is hongersnood aan Afrikaan-arbeiders betaal (Terreblanche 2010: 12).

Die oordra van Westerse kulturele waardes wat met imperiale kolonialisme gepaard gegaan het, het noodwendig gelei tot rassediskriminasie en dominasie. Dit het die verhouding tussen die koloniale subjek (bv. die imperiale amptenaar afkomstig uit die “moederland”) en die objek (die “inboorling” of sogenaamde *native* wat onmiddellik ook “onbeskaafd” geïmpliseer het), beïnvloed. Vanweë die beskouing van gekoloniseerde inheemse mense as kru, onmondig en onbeskaafd, is geglo dat hulle nie in staat is tot die behartiging van gekompliseerde funksies van die moderne staat nie en dat hulle ook nie ontwikkel genoeg was om beheer oor hulle land, grond en selfs hulle eie lewens te neem nie (vgl. Bhabha 1985: 155e.v.; Ghandi 1998: 8-9; Said 1995: 78-91). Die Britte het voor die twintigste eeu op soortgelyke wyse oor die Afrikaners gedink en die Afrikaners het op hulle beurt voor en tydens apartheid so oor die swart mense gedink (Giliomee 2003: 33, 280; Dubow 2007: 54-55). Hierdie beskouing is gehuldig om om die voortbestaan van die Westerse “natuurlike” en “primêre” kultuur as dié wêreldperspektief te verseker.

Kolonialisme as ‘n opvoedingsprojek om die “beskawing” na gekoloniseerde lande te bring, is op hierdie wyse geregverdig (Bhabha 1991: 5). Die “beskawing” wat na gekoloniseerde lande uitgedra moes word, het nie alleen die Westerse kulturele en sosio-politieke goedere behels nie, maar ook die Christelike geloof ingesluit (Hastings 1997: 6; Conversi 2007: 17). Gedurende die koloniale era was nasionalisme vasgelê in Joods-Christelike waardes en hierdie oortuigings het versprei na lande en kontinente waarin die Christendom nie toe voorgekom het nie. Smith wys daarop dat dwarsdeur die Anglo-Saksiese periode, “[t]his biblical and providentialist reading of history provided the framework for a sense of English ethnic chosenness, long before the Reformation” (Smith 2004: 117).

Giliomee (2003: 17, 41) wys daarop dat die woord Christen sedert die vroeg sewentiende eeu toenemend as ‘n sinoniem vir wit, Westers en beskaafd gebruik is, en die woord kaffir<sup>4</sup> as sinoniem vir swart, primitief, onbeskaafd en heidens. Die kleurkwessie is verder beklemtoon deur die kulturele meerderwaardigheid van Christene teenoor heidene. Dit was veral die gedrukte religieuse literatuur, insluitend die vertaling van die Bybel in die moedertaal, wat in die Westerse geskiedenis ‘n sleutelrol in die opwekking van nasionale gevoelens gespeel het (Conversi 2007: 20).

Bogenoemde koloniale opvattinge met betrekking tot ras en die Christelike geloof was belangrike stimuli vir Afrikanernasionalisme en het in ‘n groot mate vorm gegee aan apartheid. Hastings (1997: 4) wys byvoorbeeld daarop dat die vertaling van die Bybel uit die oorspronklike Hebreeus of Grieks in die moedertaal van ‘n volk aanleiding daartoe kon gee dat die lesende publiek hulleself begin beskou as ‘n uitverkore volk. Conversi (2007: 20) is oortuig dat die konsep van ‘n beloofde en heilige land oorgedra is in alle belangrike nasionale bewegings wat óf etnies óf beskawingsgedrewe was.

Die Afrikaners bied ‘n klinkklare voorbeeld van hierdie analogie. ‘n Mens sien dit in verwysings na byvoorbeeld die Groot Trek (1838), die Slag van Bloedrivier (16 Desember 1838), en Afrikanerweerstand teen Britse oorheersing tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Sulke lyne word getrek deur onder andere te verwys na die Israeliete se epiese trek deur die woestyn na die beloofde land, die bied van kragdadige weerstand teen vyande en reaksies wanneer die nasie bedreig word, gehoorsaamheid aan “rigters” of leiers en beproewinge wat die nasie se getrouheid toets (vgl. Smith 2004). Ek illustreer my standpunt aan die hand van uittreksels uit toesprake van dr. H.F. Verwoerd (1910-1965) voormalige eerste minister (1958-1965) van Suid-Afrika, bekend as die argitek van apartheid:

Ons weet ons is ... fondamentlêers soos die helde van Bloedrivier. Daarom bou ons op die enigste rots van nasies, nl. die geloof en dieselfde reddende Hand wat Bloedrivier aan ons voorvaders besorg het. ... Die volk van Suid-Afrika is hier geplant ... vir die ontplooiing van Afrika en vir die vooruitgang van die Christendom ... tot die heil van die ganse mensdom. ... Ons is bereid dat die nie-blankes in Suid-Afrika ook vir hulself ontwikkelingskanse moet kry. ... Ons wil apartheid nie teweegbring met die swaard nie maar met die goeiehartige hulp van die blankes wat in die land is (Verwoerd, in Pelsler, 1963: xix, xx, 16, 193).

Sover dit die semantiese logika van begrippe soos “ons *gun* hulle ...” en “met die *goeiehartige hulp* van die blankes ...” betref, is klaarblyklik nie beseft dat hierdie woorde ruimhartigheid teenoor kortsigtige onderontwikkeldheid veronderstel nie. Inherent in hierdie stelwyses is ‘n tipe morele hiërargie aanwesig wat aan die een wat die vergunning verleen, die voordeliger en sterker morele posisie gee. Verder is hierdie opmerkings ook tekenend van die paternalistiese

verhouding tussen wit en swart wat nooit op gelykheid gegrond was nie. Swart mense is as onderdanige en onmondige kinders onder “vaderlike” toesig beskou.

Alhoewel die Christelike nasionale identiteit van Afrikaners vroom, nederig en gehoorsaam aan God se eise geklink het, was daar geen getuienis van watter aard dat die opdrag van God self afkomstig was nie. Dit was ‘n blote analogie wat tussen Afrikaners en die Ou-Testamentiese Israel as verbondsvolk getrek is. Gevolglik het hierdie “opdragte” van God terselfdertyd geïmpliseer dat die beskouings onbevragebaar is, aangesien die opdrag van God self kom.


In hul identifikasie met die Britse kolonialiste het wit Afrikaners as die elitegroep wat deur kolonialisme agtergelaat is, voortgebou op die rassebegrip van die Britse koloniale era soos wat dit aanvanklik in die Kaapkolonie gehuldig is en later na die hele Suid-Afrika uitgebrei is. Tweedens het die ontwikkeling van die begrip Christelik in die konteks van kolonialisme en apartheid ‘n inhoud gekry wat regstreeks ingedruis het teen die “oorspronklike”<sup>4</sup> formulering van die Christelike leer, naamlik nederigheid voor God, dankbaarheid teenoor God vir verlossing, en diensbaarheid aan God en sy skepping. In die konteks van kolonialisme en apartheid het die begrip Christelik dieselfde patologie as kolonialisme en apartheid begin vertoon.

Kolonialisme en later apartheid het klaarblyklik gebuk gegaan onder die sogenaamde plig tot behoud van die beskawing en die Christelike geloof ter wille van vooruitgang en die handhawing van “beskawingsnorme”. In werklikheid was dit die belange van die heersersklas (in hierdie geval wit mense) wat verseker moes word en het dit eintlik gegaan oor die behoud van die volk (nasie) of party, wat die draer van die historiese idee geword het. Om van identiteit te verander sou die ondergang van die volk (nasie) of party beteken het. Wit oorheersing tydens kolonialisme en apartheid was volgens wit mense se oortuiging gegrond op en geregtig deur die Christelike geloof. In hul aanvaarding van ‘n Christelike identiteit was Britse kolonialiste en wit Afrikanernasionaliste oortuig van hul geroepenheid as uitverkore volkere (Hastings 1997: 4; Smith 2004: 17; Giliomee 2003: 17, 41 Du Toit 1983: 922 e.v.; Hexham 1980: 386-40). Gevolglik was hulle verbind tot gehoorsaamheid aan ‘n Hoër gesag se sogenaamde natuurwette. Hierdie natuurwette was egter mensgemaakte historiese bepalinge ten opsigte van byvoorbeeld rasse-onderskeid en -suiwerheid, asook die bestaan van ‘n “natuurlike” heersersklas-aristokrasie.

Om die gekose installasie van Boshoff vanuit ‘n postkoloniale teoretiese raamwerk teen die agtergrond van die apartheidsera te kan lees en interpreteer, is dit vervolgens eers nodig om die installasie aan die leser te beskryf.

### **Beskrywing van *Secret Letters* (2003)**


*Secret Letters* (2003) bestaan uit tien ongeveer deurgrootte wit skilderdoekpanele wat direk langs mekaar gehang is en saam 8,5m breed is.



**Afbeelding 1**

**Willem Boshoff, *Secret Letters* (2003), opgedra aan Nelson Mandela (Boshoff 2013).**

In die boonste linkerhoek van die eerste doek staan daar in handskrif in swart Letters geskryf, *11 Junie '64 tot 12 Jan. '67* en aan die regterkant bo, *No. 1*. Op die tweede paneel is op soortgelyke wyse links bo geskryf *13 Jan. '67 tot 21 Aug. '69*, en regs bo, *No. 2*. Die derde paneel bevat links bo die datums *22 Aug. '69 tot 13 Apr. '72*, met die nommer van die paneel regs bo. Hierdie opeenvolging van datums en nommers strek tot die tiende paneel, waarvan die heel laaste datum op die paneel *11 Feb. '90* is.



**Afbeelding 2**

**Willem Boshoff, *Secret Letters* (2003), opgedra aan Nelson Mandela.  
Detail: Wit skilderdoek, handgeskrewe nommers en datums (Boshoff 2013).**

Al die panele is vol klein gaatjies waarin opgefrommelde vierkantige klein wit doeke, wat soos papierrosette of opgefrommelde stukkies papier lyk, gedruk is. Al die rosette bevat klein gedrukte teks, maar dit is onmoontlik om dit te lees vanweë die klein lettertype en ook die feit dat dit opgefrommel in die klein gaatjies gedruk is.

Tussenin is op wit kaartjies in swart Letters – duidelik leesbaar – verskeie datums gedruk wat dateer vanaf 1964 tot 1990. Daar is altesaam 9 377 van hierdie rosette en kaartjies oor die tien panele versprei.



**Afbeelding 3**

**Willem Boshoff, *Secret Letters* (2003), opgedra aan Nelson Mandela.  
Detail: Laprosette met teks, datumkaartjies, swart gedrukte teks (Boshoff 2013).**

### **Interpretasie van *Secret Letters* (2003)**

*Secret Letters* (2003) is een van die talle konseptuele taalgebaseerde installasies van Boshoff waarin sy liefde vir taal en sy worsteling met magskwessies duidelik blyk. In hierdie installasie gebruik hy as sy materiaal taal in samehang met die historiese narratief van Mandela teen die agtergrond van die apartheidsera van die land. Die kern van die installasie is die 27 jaar wat Mandela agter tralies deurgebring het.

Die getal 9 377 wat die aantal rosette en kaartjies is, is betekenisvol – dit is die totale aantal dae wat Nelson Mandela in die tronk deurgebring het. Daar is met ander woorde ‘n brief en ‘n datumkaart vir elke dag van sy tronkstraf nadat hy saam met ander lede van die ANC in 1964 weens hoogverraad in hul stryd teen apartheid skuldig bevind is. Die eerste datum, 11 Junie 1964, was sy eerste dag in die gevangenis en die laaste datum, 11 Februarie 1990 is die dag waarop hy na 27 jaar uit die Victor Verstergevangenis vrygelaat is.

Alhoewel Boshoff in sy installasies van realistiese vormtaalelemente soos woorde, datumkaartjies en laprosetbriewe gebruik maak, is sy estetiese vormgewing nie in die eerste plek gerig op realistiese of mimetiese uitbeeldings van gebeurtenisse (in hierdie geval van ‘n historiese narratief) nie. Hy beeld nie ‘n realistiese toneel uit van Mandela agter tralies nie. Sy artistieke interpretasie en visuele vormgewing kom konseptueel en metafories tot uitdrukking.

Soos uit die titel afgelei kan word, het hierdie installasie te make met die oordra van inligting deur middel van geheime briewe. Omdat hulle aan hoogverraad skuldig bevind is, was Mandela en die ander politieke gevangenes nie toegelaat om in die tronk enige briewe of koerante te ontvang nie (Siebrits 2007: 30-31). Die kunstenaar bring Mandela deur geheime briewe op hoogte van wat in die wêreld gebeur het waarvan hy nie die nuus eerstehands kon kry nie, Nuusgebeure, “... from the earth-shaking to the utterly mundane ...” (Vladislavic 2005: 98) is in swart ink op die wit rosette gedruk, opgefrommel en in die gaatjies gedruk. Carew vang die omvang van die weerhouding van belangrike politieke, sport- en ander nuusgebeure van Mandela soos volg vas:



... the day in October 1964 when Kenneth Kaunda became president of post-Colonial Zambia. ... Martin Luther King's assassination on April 4, 1968 ... the moon landing on July 20, 1978. ... April 1 1965 when John Harris, the Johannesburg Station bomber sang "We shall overcome" at his hanging. ... Jackie Stewart winning the grand prix at Kyalami on January 1 1969, musical records such as Gene Rockwell topping the South African charts with *Heart* in December 1964 ... the birth of South Africa's first sextuplets on January 11 1974... (Carew 2003: 19).

Vladislavic (2005: 34, 98) bied 'n meer persoonlike blik op die informasie wat van Mandela weerhou is en hom sodoende van herinneringe ontnem het. Hy koppel Mandela se ervaring van gebrekkige persoonlike herinneringe buite die tronk aan die kunstenaar se persoonlike herinneringe van wat hy (Boshoff) op spesifieke dae gedoen het. Vladislavic vertel byvoorbeeld dat Boshoff op 31 Mei 1983 een van 6 637 atelete was wat die bekende *Comrades Marathon* tussen Pietermaritzburg en Durban voltooi het. Boshoff het 'n silwer medale verwerf vir sy tyd van 7 uur 26 minute en 29 sekondes waarin hy die wedloop voltooi het. Die vraag wat die outeur homself afvra, is wat Mandela op 31 Mei 1983 gedoen het terwyl Boshoff gehardloop het en duisende toeskouers langs die pad en op televisie die wedloop dopgehou en die deelnemers aangemoedig het.

Die briewe met nuusgebeure vul as 't ware die gevangene se kalender aan. Dit "bied" aan die gevangene die inligting wat van hom weerhou is tydens sy gevangeneskap en waartoe ander mense buite die tronk toegang gehad het. Kortom, dit was inligting wat deur 'n groot verskeidenheid media vrylik beskikbaar was en waarvan die meeste aanskouers geweet het – gevolglik hoef hulle nie die geheime briewe te lees nie. Die kunstenaar verduidelik aan Siebrits dat hierdie installasie nie net gaan oor dit wat in die openbaar aan mense bekend was maar wat "geheime" vir Mandela was nie, " but is also about the passage of time, providing a record and some sense of how Nelson Mandela and other political prisoners like him survived" (Siebrits 2007: 31).

Sodoende kom 'n mens onder die diepe besef van hoe swaar Mandela en andere soos hy gestraf is omdat hulle 'n onregverdigte bedeling teengestaan het en omdat hulle hul behoeftes aan 'n beter lewe wou uitleef. Wat hierdie inligting en geheime briewe impliseer, is dat die installasie inspeel op nie net 'n gebrek aan inligting soos wat die titel aandui nie, maar ook op 'n gebrek aan vryheid. Beide hierdie aspekte impliseer eensaamheid vanweë gebrekkige kommunikasie met geliefdes en ander mense buite die tronk, asook eentonige tydverloop en tyd wat verlore gaan.

Die aanskouers, insluitend die voormalige gevangenes, word deur hierdie installasie gekonfronteer met kollektiewe herinneringe oor apartheid en die gepaardgaande worsteling met die gevolge van 'n hartelose ideologie. Bykomend moet die konfrontasie met kollektiewe gevoelens van skuld van wit aanskouers nie buite rekening gelaat word nie. Die onleesbaarheid van die opgefrommelde geheime briewe word geaksentueer deur die duidelik-leesbare handgeskrewe datums en die datumkaartjies wat tussen die briewe geplaas is (kyk figure 2 en 3). Tien genommerde panele met 'n opeenvolging van datums en leesbare gedrukte kaartjies met van mundane en algemene tot politieke inligting, beklemtoon die "geritualiseerde waansin" waarin die apartheidsregering verval het in hul vasklou aan mag. Die aanskouers van *Secret Letters* word gekonfronteer met 'n ongemaklike gevoel wanneer Mandela se eensaamheid en afsondering, terwyl hy klippe op Robbeneiland moes kap, in herinnering geroep word: "Language, memories and history as well as sympathy with Mandela are the main issues in this work" (Carew 2003: 19).

Terwyl die meeste wit Suid-Afrikaners rustig met hul lewens aangegaan het, nie ten volle ingelig was oor die politieke toestand in die land nie en bitter min van hulle noukeurig kan onthou wat hulle op 'n spesifieke dag gedoen het, het Mandela sy dae eensaam in die tronk deurgebring en in alle waarskynlikheid – soos die meeste gevangenes – sy “kalender” op sy selmuur aangebring om met die tyd te probeer tred hou.

Die manier waarop gevangenes probeer om met die verloop van tyd tred te hou in die tronk, was om elke dag wat hulle tronkstraf uitdien, 'n vertikale strepie op 'n muur te trek. Na ses dae word 'n diagonale lyn deur die vertikale strepies getrek om een week af te sluit. Hierdie merke word gemaak op 'n selmuur waar dit die minste sigbaar is. Sewe jaar in die gevangenis word deur hulle beskou as 'n baie lang, bykans nimmereindigende en ewigdurende tydperk. Hierdie “nimmereindigende” tydperk van sewe jaar word deur die gevangenes 'n *neves* genoem (Boshoff 2013; Siebrits 2007: 88). Vladislavic bied 'n interessante perspektief op hierdie merke: “A handful of such signs is a cliché, cartoon shorthand for a prison cell; repeated precisely, exhaustively, they capture the immensity of the prison sentences endured by the Rivonia Trialists” (Vladislavic 2005: 98).

Die woord *neves* is die omgekeerde van *seven*, die Bybelse volmaakte getal. Die Oxford Dictionary beskryf die woord *neves* ook as 'n uitgebreide periode van tronkstraf. Mandela en sy medegevangenes het lewenslange vonnisse, met ander woorde veelvuldige *neves* gekry. Deur sy estetiese vormgewing wys Boshoff daarop dat Nelson Mandela nie net een periode van *neves* in die tronk was nie, maar vir bykans vier *neves*, dit wil sê vir 27 jaar. Dit het letterlik beteken dat hy in die tronk sou sterf. Die volmaakte getal sewe roep ook 'n Bybelse verwysing met betrekking tot vergiffenis op: Christene word opgeroep om hul naaste, diegene wat teen hulle 'n onreg gepleeg het, sewentig maal sewe keer te vergewe (Matt. 18: 35).

Mandela het wêreldwyd – en veral onder Afrikaners – respek afgedwing met sy versoenende vergewe-en-vergeet-optrede. Dit het aan hom die bynaam *Madiba* besorg en tot gevolg gehad hy nasionaal en internasionaal as 'n vryheidsikoon beskou word. Die kunstenaar (2013) vat Suid-Afrikaners se bewondering van Mandela soos volg saam: “He surprised all of us with his lack of bitterness after his four *neves* sentences and with his astute and accommodating leadership.”<sup>6</sup> Wit Suid-Afrikaners was oor die algemeen verras deur die hand van vriendskap wat hy na hulle uitgehou het:

I told white audiences that we needed them and did not want them to leave the country. They were South Africans just like ourselves and this was their land too. I would not mince words about the horrors of apartheid but I said, over and over, that we should forget the past and concentrate on building a better future for all (Mandela 1994: 606).

Om die verlorenheid en eensaamheid van die tronkstraf vas te vang, het Boshoff bykomend twee etse met die titels *Neves 1* en *Neves 2* geskep wat uit die woord *neves* bestaan en herhaaldelik neergeskryf is. Hierdie etse het hy geskep vir die herdenking van Mandela se 85ste verjaardag. Die lyne wat die woord *neves* vorm, bestaan uit klein, miniskule lettertjies. Hierdie lettertjies bevat uittreksels uit Mandela se beroemde toespraak “I am prepared to die”, wat hy in die beskuldigde gelewer het nadat hy skuldig bevind is en tot lewenslange tronkstraf gevonnissen is (Boshoff 2013; Vladislavic 2005: 68-69).

Die kontras in *neves* is interessant: die kunstenaar verbeeld sy afsku van apartheid konseptueel uit in miniskule klein lettertjies. Soos met die geheime briewe aan Mandela, is hierdie uittreksels uit sy toespraak ook vir die aanskouer onleesbaar. Waar die geheime briewe

se inhoud onleesbaar is vir sowel die aanskouers as Mandela, is hierdie toespraak se inhoud aan Mandela welbekend maar word die inhoud van die aanskouers weerhou.



**Afbeelding 4**  
**Willem Boshoff, (2003), *Neves 1*, ets.**  
**522.5 x 63.5cm (Boshoff 2013)**



**Afbeelding 5**  
**Willem Boshoff, (2003), *Neves 2*, ets.**  
**522.5 x 63.5 cm (Boshoff 2013)**

Nie net is die lettertjies mikroskopies klein nie, maar die meeste van die Letters is ook verkeerd om geplaas sodat dit slegs deur die refleksie in 'n spieël gelees kan word. Boshoff verduidelik sy werkwysse soos volg:

In them I wrote ... *neves* - with the back-to-front etching process fortuitously printing it backwards, to look a little like the original *seven*, almost legible, but with some Letters the wrong way around. In my work the lines of Letters in the word *neves* are made up of tiny sentences of which most of the Letters are in fact the wrong way around. One actually needs a mirror to read anything at all. The work is therefore a vague mirror, held up to acknowledge, in a small way, a great man's perplexing life (Boshoff 2013).

In sowel *Secret Letters* as *Neves 1* en *Neves 2* spreek Boshoff op 'n estetiese wyse konseptueel sy kritiek uit teen die NP se magsbeheptheid en wit mense se gebrekkige kritiese selfbewussyn tydens apartheid. Dit kom voor asof Afrikaners hulself nie werklik van kolonialisme bevry het nie. Hulle het hoogstens die rol van Britse kolonialiste oorgeneem. In hul magsgedreweheid het Afrikaners die feit dat swart mense, net soos wit Afrikaners, slagoffers van imperiale kolonialisme was, misgekyk of geïgnoreer. Dit is in hierdie verband dat die kunstenaar in 'n onderhoud met Siebrits stel dat “[t]heir (Afrikaners) resentment was vented on the blacks, who had had nothing to do with the wiping out of Boer families in the concentration camps” (Siebrits 2007: 28).

Swart mense is as sodanig as “afwykend” van die wit “norm” beskou dat hulle nie welkom was in die samelewing van die sogenaamde genormeerde wit bevolkingsgroepe nie. Gevolglik is hulle uitgeskuif. Hulle is ook nie beskou as individue met eie identiteite, nie, maar as 'n homogene groep. Diegene wat hulle teen die apartheidsbeleid verset het, is as ongedissiplineerde opstandiges beskou wat uit die samelewing verwyder moes word. Mandela (1994: 199) maak die volgende insiggewende opmerking in sy outobiografie: “Prison not only robs you of your freedom, it attempts to take away our identity.”

Hulle is in tronke gegooi en hul organisasies is verban. In hierdie proses is hulle vryheid en toegang tot inligting van hulle ontnem. Die kunstenaar reageer op die “geritualiseerde waansin” waarin apartheid verval het. Hy doen dit op 'n estetiese wyse deur sy keuse van materiaal en hoe hy sy materiaal manipuleer en aanwend. Kunswerke, in hul intrinsieke verband met die morele, is nodig om op 'n verbeeldingryke manier die moreel-goeie voor te stel juis omdat die abstrakte begrip van die moreel-goeie nie in presiese logiese begrippe beskryf kan word nie.

Terselfdertyd kies die kunstenaar kant vir Mandela. Boshoff is van mening dat dit waansinnig is om 'n mens te verdoem om sy lewe agter tralies deur te bring, suiwer op grond van dit wat sy of hy dink (Siebrits 2007: 88). Boshoff sluit hier aan by die mite van Madiba (mite in die sin van 'n verhaal oor 'n eksemplariese persoon) as 'n onskuldige vryheidskoon wat gely het vir sy ideale. Geen vermelding word gemaak van die feit dat Mandela 'n stigterslid en leier van MK, die militêre vleuel van die ANC, was nie (Arnold 2005: 333; Thompson 2006: 205) wat verantwoordelik was vir die pleeg van binnelandse terreuraanvalle waarin baie onskuldige mense, insluitend kinders, ernstig beseer en selfs gedood is.

Verspreid tussen die belangrike en ander interessante nuusgebeure is bykomend ook nog gedrukte uittreksels uit toesprake van Mandela voor sy tronkstraf, asook uittreksels uit die toesprake van Oliver Tambo, wat op daardie stadium die leier van die ANC was terwyl Mandela die aanvoerder van MK was. Dit is vervolgens nodig om in meer diepte aandag te skenk aan die politieke inhoud van die briewe, asook na die kwessie van die geheime aard daarvan.

Wat die politieke inhoud van die briewe betref, is dit belangrik om in gedagte te hou dat nie net Mandela nie, maar alle Suid-Afrikaners, wit en swart mense, nie vrye toegang tot hierdie of ander soortgelyke toesprake gehad het nie. Trouens, as gevolg van die sensuurwetgewing in die land wat sedert 1963 drasties verskerp is, was sogenaamde opruiende toesprake en optredes, asook die werk van skrywers, sangers, kunstenaars en enige ander persoon wat apartheid gekritiseer het, dikwels verban. Ook die radio en pers, en sedert die laat sewentigerjare televisie, was onderworpe aan sensuur. Gevolglik was wit mense dikwels onkundig oor hoe hul swart (en bruin) medeburgers geleef en hoe hulle apartheid ervaar het (Worden 1994: 96; Thompson 2006: 284-285; Carew 2003: 19). Die intensiteit van die *struggle* en gepaardgaande binnelandse onrus en sabotasiedade, asook die optrede van die polisie tydens noodtoestande, is sorgvuldig uit die nuusmedia gehou en vir die openbare publiek weggesteek (Worden 1994: 96; Thompson 2006: 20). Hierdie nuusgebeure word nou in onleesbare, geheime briewe aan Mandela "geopenbaar". Carew vat dit so saam: "(*Secret Letters*) not only generates sadness at the degree of Mandela's loss but also indicates that he was not alone in being denied access to information" (Carew 2003: 19).

Alhoewel wit mense se vryheid ook ingeperk was, het hulle dit nie altyd so beleef nie. Die rede hiervoor sou kon wees dat hulle sodanig bevoordeel was dat hulle die eerste keuse (naamlik hoe die verdeling van rykdom en begrensing van woonbuurtes ensovoorts moes plaasvind) gehad het, en ook omdat hulle beperkings substantief minder was as dié van ander groepe. Wit mense het immers op die beste plekke gewoon, hulle het die beste skole en universiteite tot hul beskikking gehad, en die belangrikste ambagte is vir hulle "gereserveer". Alle kompetisie om skaars bronne is uitgeskakel en wit mense kon en het die eerste snye van die spreekwoordelike koek vir hulleself gevat. Herinneringe aan die historiese narratief van die Afrikaners as die maghebbendes toon dat hierdie era juis gekenmerk is deur 'n magstryd ten einde optimale voordele vir Afrikaners (en later ander wit mense in die land) te behou.

Boshoff bring die abstrakte begrip *onvryheid* tot visuele vergestaltung deur opgefrommelde geheime briewe wat nie gelees kan word nie. Vanuit 'n negatiewe konnotasie, roep die konsep "geheime" woorde soos geheimhouding op. In 'n onvrye samelewing word mense genoop om ondergronds te sosialiseer, aangesien hulle bang is dat hulle uitgevang word. In so 'n onvrye samelewing word inligting wat mense toekom, van hulle weggehou, of valse inligting en halwe waarhede word versprei. Die bestaan van mense wat aktief die politieke sisteem deur verset teenstaan, word ook geheim gehou. Dit is gedoen deur publikasies van wat hulle dink en sê, en selfs foto's van hulle, te verbied.

Wanneer historiese narratiewe in die materiaal wat die kunstenaar gebruik ingebed is, dui dit op historiese gebeure uit 'n verbygegane era, en word die materiaal as 't ware op hierdie wyse ingespan om 'n voorstelling van 'n groter geheel te kan maak. Dit is met ander woorde 'n stuk verlede wat as oorgeblewe materiaal getuigenis is van iets wat bykans of heeltemal vergete is. Sodoende is Boshoff se installasie nie mimeties of nabootsend van die historiese narratiewe nie. Sy taalgebaseerde installasies waarvan *Secret Letters* een is, bied nie net steun aan die onderdrukte nie, maar lê terselfdertyd die sosiale onregte bloot ten opsigte van die spanning tussen diegene wat vroeër as vanselfsprekend bevoorreg is teenoor diegene wat te nagekom is. Hy wys op 'n esteties-bevredigende wyse verontregting uit, sonder om van enige afbrekende kodes gebruik te maak.

## Slotopmerkings

Die belang van hierdie installasie is myns insiens geleë in Boshoff se oopdekking van 'n problematiese kyk op die samelewing gedurende die apartheidsera van die land deur die lens van Mandela se verhoor en gevangeneskap. Aan die wortel van apartheid was Afrikaners se aanvanklike herinneringe aan kolonialisme en hul latere identifisering met die kolonialiste as wit, Westers en Christelik. Dit het gelei tot 'n gewaande Christelike Afrikanernasionalisme en -identiteit wat volksnasionalisties en rasgebaseerd was.

In sy *Secret Letters* spreek die kunstenaar hierdie temas konseptueel aan sonder enige vorm van reproduksie of nabootsing van die historiese gebeure. Terselfdertyd vertolk die kunstenaar die rol van kritikus en aktivis teen apartheid Terwyl die *inhoud* van *Secret Letters* vir die kyker 'n geheim bly, openbaar die installasie wel aan die aanskouer die slegte gevolge wat verset teen apartheid vir Mandela en sy medegevangenes ingehou het, en hierby inbegrepe die eensaamheid wat Mandela tydens sy tronkstraf moes ervaar het. Ten slotte vestig die kunstenaar konseptueel aanskouers se aandag op die diep persoonlike gevolge van die blinde ondersteuning van mag tydens die apartheidsera.

## Note

- |   |  |   |
|---|--|---|
| 1 | Van 1975 af het spanning begin opbou in Soweto oor Afrikaans as verpligte onderrigtaal in swart skole. Hierteen het die leerlinge en ander mense in Soweto op 16 Junie 1976 in opstand gekom (Slabbert 1999: 20,75; Worden 1994: 119-120). Dit het gelei tot 'n botsing tussen die polisie en die betogers en ongeveer 400 mense is doodgeskiet, waaronder die agtienjarige skoolseun Hector Pieterse wat die gesig gewond het van almal wat hul lewens verloor het. | gedurende Desember 1991. 'n Dooie punt is bereik en CODESA 2 is in Mei 1992 hervat (Arnold 2005: 781; Marschall 2010: 25).  |
| 2 | Die dra van 'n pasboek deur swart mense is reeds in 1828 deur die Britse koloniale beheer by wyse van <i>Ordonansie 49</i> uitgevaardig wat swart mense toegelaat het om die Kaapkolonie binne te kom, maar indien hulle sonder 'n pas was, is hulle gearresteer (Worden 1994: 68).  | 4 Met die <i>oorspronklike</i> formulering van die Christelike leer word bedoel die wat Augustinus daarmee bedoel het en die Calvinistiese rehabilitering daarvan (kyk Sleddens 2009).  |
| 3 | Die onderhandelings, bekend as <i>The Convention for a Democratic South Africa</i> (CODESA), het in twee fases verloop. Die eerste fase was  | 5 ok gespel <i>kafhir</i> of <i>caffre</i> , 'n Arabiese woord waarmee Moslems die nie-Moslems aangedui het (Giliomee 2004: 17).  |
|   |  | 6 Daar was uiteraard ook kritiek op Mandela se regering, soos dat hy hom sodanig toegespits het op simboliese versoeningspolitiek dat alle ander sake agterweë gelaat is, soos wat Slabbert (1999: 85) dit stel: "Onder Mandela was daar te veel charisma en te min regering." Tog was dit waarskynlik op daardie stadium noodsaaklik vir vreedsame naasbestaan in 'n 'n land met 'n verdeelde geskiedenis. |

- 7 Die enigste persoon wat wel direk verskoning gevra het (by 'n sinode van die Kaapse NGK), was Emily Hobhouse, 'n Britse vrywillige welsynswerkster wat gereeld die toestande van die konsentrasiekampe onder die Britse regering se aandag gebring het (Hobhouse 1984: 319-320). Haar verwysings na swartes is in latere uitgawes van haar 1904-toespraak by die NG-sinode weggelaat en eers weer in die vertaling deur Rykie van Reenen (teruggesit (kyk Hobhouse 1984; vgl. Snyman 1998).

### Aangehaalde werke

- Alter, P. 1994. *Nationalism*. London: Arnold.
- Arnold, G. 2005. *Africa: A Modern History*. London: Atlantic Books.
- Bhabha, H.K. 1985. Signs taken for wonders: Questions of ambivalence and authority under a tree outside Delhi, May 1817, *Critical Enquiry* 12(1, Autumn):144-65.
- Bhabha, H.K. 1991. The Postcolonial Critic. *Arena* 96:47-63.
- Boshoff, W. 2013. Willem Boshoff retrieved 2012/04/12 from <http://www.willemboshoff.com>
- Carew, D. 2003. Intellectually challenging art that pleases the eye, *Saturday Weekend Argus* (2 September):19.
- Childs, P en Williams, P. 1997. *An Introduction to Post-colonial Theory*. Londen: Routledge.
- Conversi, D. 2007. Mapping the field: Theories of Nationalism and the Ethnosymbolic approach, in Leoussi, A.S. and Grosby, S. (eds). *Nationalism and ethnosymbolism: history, culture and ethnicity in the formation of nations*. Edinburg: Edinburgh University Press: 15-30.
- Degenaar, J.J. 1978 *Afrikaner Nationalism*. Cape Town: University of Cape Town Press. [Occasional paper no. 1. March.]
- Dubow, S. 2006. *A Commonwealth of Knowledge: Science, Sensibility and White South Africa, 1820-2000*. New York: Oxford University Press.
- Dubow, S. 2007. Thoughts on South Africa: some preliminary ideas, in Stolten, H.E. (ed.) *History making and present day politics: the meaning of collective memory in South Africa*. Upsala: Nordiska Afrikainstitut: 51-72.
- Du Toit, A. 1983. No chosen people: The Myth of the Calvinist origins of Afrikaner Nationalism and Racial Ideology. *The American Historical Review*, 88(4, October):920-952.
- Ghandi, L. 1998. *Postcolonial Theory: A Critical Introduction*. New York: Columbia University Press.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: Biography of a People*. Cape Town: Tafelberg.
- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hastings, A. 1997. *The construction of Nationhood: Ethnicity, Religion, and Nationalism*. Cambridge: Cambridge University Press. Hexham, I. 1980. Afrikaner Nationalism: 1902-1914, in Warwick, P. (ed). *The South African War: The Anglo-Boer War, 1899-1902*. Harlow, Essex: Longman: 386-403.
- Hobhouse, E. 1984. *Boer War Letters*, edited by Rykie van Reenen. Cape Town: Human en Rossouw.
- Mandela, N. 1994. *Long walk to Freedom*. London: Little & Brown.
- Marschall, S. 2010. *Landscape of Memory: Commemorative Monuments, Memorials and Public Statuary in Post-apartheid South Africa*. Leiden: Brill.

- McLeod, J. 2000. *Beginning Postcolonialism*. Manchester: Manchester University Press.
- Said, E.W. 1995. Orientalism, in Ashcroft, B., Griffiths, G. & Tiffin. H.(eds.) *The Post-colonial Study Reader*. London: Routledge: 78-91.
- Siebrits, W. 2007. *Willem Boshoff: Word Forms and Language Shapes, 1975-2007*. Johannesburg: Standard Bank Gallery.
- Slabbert, F.v.Z. 1999. *Afrikaner, Afrikaan: Anekdoties en Analises*. Kaapstad: Tafelberg.
- Sleddens, W. 2009. *Belijdenissen*. Amsterdam: Damon/Augustijns Historisch Instituut.
- Smith, A.D. 2004. *Chosen peoples: sacred sources of national identity*. Oxford: Oxford University Press.
- Snyman, J.J. 1998. Interpretation and the politics of memory, *Acta Juridica*: 312-337.
- Swilling, M. 1999. Rival futures: struggle visions, post-apartheid choices, in
- Vladislavic, I. & Judin, H. (eds.), *Blank: Architecture, Apartheid and After*. Rotterdam: Netherlands Architecture Institute Publishers: 291-340.
- Terreblanche, S. 2010. 100 Jaar se smerige voetspore. *Beeld-By* (Saterdag 15 Mei): 10-12.
- Thompson, L. 2006. *A history of South-Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Pelzer, A.N. 1996. red. *Verwoerd aan die Woord: Toesprake 1948-1962*. Johannesburg: Afrikaanse Persboekhandel.
- Vladislavic, I. 2005. *Willem Boshoff*. Houghton, Johannesburg: David Krut. (Taxi-011.)
- Welsh, F. 1998. *A History of South Africa*. Glasgow: Harper-Collins.
- Worden, N. 1994. *The Making of Modern South Africa: Conquest, Segregation and apartheid*. Oxford: Blackwell. (Historical Association Studies.)

**Rita Swanepoel** is a senior lecturer in History of Art at the North-West University, Potchefstroom Campus. She is also the leader of the research niche at the NWU for the visual arts with the theme, *Visual narratives and creative outputs through interdisciplinarity and practice led research*.